Bloemfontein Baptiste Kerk

051- 451 1017 kerk@kerk.co.za www.kerk.co.za bfn_baptiste Bloemfontein Baptiste Kerk

# Yskas Waarhede

Deel 2 – Vrees

**2 Timoteus 1:7(AFR53)** Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.

**Markus 14:32-36** Toe kom hulle by 'n plek met die naam Getsemane, en Jesus sê vir sy dissipels: "Sit hier terwyl Ek gaan bid." Daarna neem Hy vir Petrus, Jakobus en Johannes saam met Hom. Hy het ontsteld en beangs geword en vir hulle gesê: "Ek voel doodsbenoud. Bly hier en waak!" Hy het toe 'n entjie daarvandaan op die grond gaan kniel en gebid dat, as dit moontlik is, die uur van lyding nie vir Hom sou aanbreek nie. Hy het gesê: "Abba, Vader, alles is vir U moontlik. Neem hierdie lydensbeker van My af weg. Moet nogtans nie doen wat Ek wil nie, maar wat U wil."

## Verander Vrees in Geloof

### 1. Staan Vas

**Eksodus 14:13-14** Maar Moses het die volk geantwoord: "Moenie bang wees nie. Staan vas, kyk hoe die Here julle vandag gaan red, want soos julle die Egiptenaars nou daar sien, sal julle hulle nooit weer sien nie. Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg."

### 2. Herlei jou fokus na God

**Isaiah 26:3(ESV)** You keep him in perfect peace whose mind is stayed on you, because he trusts in you.

**Romans 8:6(ESV)** For to set the mind on the flesh is death, but to set the mind on the Spirit is life and peace.

**Spreuke 12:25** Bekommernis druk 'n mens neer; 'n vriendelike woord vrolik hom op.

**Filippense 4:6** Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.

- **Aanbid God**
- **Vra God Spesifiek**
- **Dank God**

**1 Petrus 5:7(DB)** Neem al die dinge waaroor julle julle bekommer of wat julle omkrap na God toe, want Hy self is die Een wat vir julle sorg.

**Efesiërs :20** Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus.

### 3. Weerstaan Leuens

**2 Korintiërs 10:3-5** Natuurlik leef ons in 'n menslike liggaam, maar ons voer nie die stryd met menslike wapens nie. Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak.

### 4. Vertrou God

**Psalm 56:4-5(DB)** As ek begin bang word, Here, besluit ek net daar om op U te vertrou. Ek prys God vir sy belofte dat Hy my sal help. Op Hom vertrou ek sonder om bang te wees.

**Romeine 8:28** Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.

**Markus 14:41-42** J Toe Hy die derde keer terugkom, sê Hy vir hulle: "Slaap en rus julle nou nog? Dit is genoeg. Die tyd het gekom. Die Seun van die mens word in die hande van die sondaars oorgegee. Staan op, kom ons loop. Kyk, die man wat My verraai, is hier naby."

**Psalm 34:5(AFR53)** Ek het die HERE gesoek, en Hy het my geantwoord en my uit al my vrees gered.